A.4 ANDER TAAKSPANNE VERWANT AAN DIE FOKUSAREAS

A 4.1 NAVORSING

1. SAMESTELLING

Kobus Schoeman (Voorsitter)
Pieter van der Walt (Sekretaris)
Ester Steyn (Administrasie)
Lourens Bosman
Gustav Claassen
Nelus Niemandt
Ian Nell
Frederick Marais

Kundige persone word per vergadering of navorsingsprojek betrek, asook toepaslike verteenwoordigers van taakspanne (op eie koste).

2. OPDRAG

(Uit die Agenda van die Algemene Sinode 2015)

Die Algemene Sinode bevestig dat navorsing ’n kontinue werksaamheid van die Algemene Sinode is.
Die Algemene Sinode versoek die huidige Taakspan: Navorsing om die opdragte aan Taakspanne wat navorsing behels, te belyn en te koördineer sodat integrering kan plaasvind.
Die Algemene Sinode bevestig die belang van die opnames vir die Kerk en versoek gemeentes en sinodes om dit te ondersteun.
Die Algemene Sinode keur die Kerkspieëlopname van 2017/2018 goed.
Die Algemene Sinode versoek die ASFB om in die begroting voorsiening te maak vir die funksionering van die Taakspan in die uitvoering van hulle opdrag.
Die Algemene Sinode versoek die ASFB om jaarliks voorsiening te maak vir navorsingsprojekte wat deur die Sinode goedgekeur is.

3. VERGADERINGS

17-18 November 2016 (Le Chateau, Kemptonpark)
8-9 November 2017 (Hugenote Kollege, Wellington)
7-8 November 2018 (eMseni, Kemptonpark)

3. KERKSPIEËL GEMEENTEVRAELYS

Die gemeente-opname (gemeentevraelys) word sedert 1981 gedoen. Waardevolle longitudinale data is in die verband oor jare versamel. Die jongste opname is gedurende September en Oktober 2018 deur middel van ‘n aanlynvraelys gedoen. Die responskoerskoers was 76% (840 uit 1104 gemeentes). Dit is van die hoogste sedert 1981. Die resultate van die Kerkspieël Gemeentevraelys word gebruik vir die Scenario Beplanning vir die NG Kerk (sien punt 6).

4. SA-NCLS EREDIENSBYWONER OPNAME

Die opname strek van 2018 tot 2021 en word in samewerking met NCLS-Australië gedoen. Sien http://sa.ncls.org.au/. Elk deelnemende gemeente ontvang ‘n unieke verslag met ‘n werkboek wat die interpretasie van die verslag verduidelik. Die werkboek help om bepaalde “kernkwaliteite” binne ’n gefasiliteerde proses te benut. Gemeentes word begelei om hulle resultate te gebruik om te besin, te reflekteer en vir die toekoms te beplan. Fasilitering word binne die Streeksinodes hanteer. Die resultate van die SA-NCLS Erediensbywoner opname word gebruik vir die Scenario Beplanning vir die NG Kerk (sien punt 6).

5. PREDIKANTEPANEEL

Die Kerkspieël Predikantepaneel is ŉ 10% ewekansige steekproef met die doel om die persepsies van predikante oor belangrike sake te toets. Die Predikantepaneel is geskoei op ŉ projek van die PC (USA), "The Presbyterian Panel: Listening to Presbyterians". Twee Predikantepaneel opnames is gedoen in 2017. Een opname is gedoen in 2018 (die jaar waarin die Kerkspieël Gemeente-opname gedoen is). Een opname word gedoen in 2019, asook ŉ spesiale Predikantepaneel opname met predikante jonger as 40 jaar. Die responskoerse is deurgaans besonder hoog. Die resultate van die Kerkspieël Predikantepaneel word gebruik vir die Scenario Beplanning vir die NG Kerk (sien punt 6).

6. SCENARIO BEPLANNING VIR DIE NG KERK

Die ASM het in 2018 opdrag gegee dat hierdie navorsing deur die taakspan navorsing gedoen word.

Die taakspan het 'n ad hoc taakspan saamgestel om die opdrag uit te voer en sal 'n verslag aan die Algemene Sinode vir bespreking en hantering voorlê.

7. AANBEVELINGS

7.1 Die Algemene Sinode bevestig dat navorsing 'n kontinue werksaamheid van die Algemene Sinode is.

6.2 Die Algemene Sinode versoek die ASM om in lyn met die bedieningspriotiteite en met inagneming van die scenariobeplanning, navorsingsopdragte vir die Taakspan Navorsing te formuleer.

6.3 Die Algemene Sinode versoek die Taakspan Navorsing om die taakspanne soos deur die ASM aangewys, te ondersteun met relevante navorsing oor die bedieningsprioriteite en fokusareas van die sinode.

6.4 Die Algemene Sinode bevestig die belang van bogenoemde opnames vir die Kerk en versoek gemeentes en sinodes om dit te ondersteun.

6.5 Die Algemene Sinode versoek die ATFB om in die begroting voorsiening te maak vir die funksionering van die Taakspan in die uitvoering van hulle opdrag.

6.6 Die Algemene Sinode versoek die ATFB en jaarliks voorsiening te maak vir navorsingsprojekte wat deur die sinode goedgekeur is.